

Eet sodat jy kan lewe

Teks: Handeling 27: 13 - 38 & Sondag 25
Teksvers: Handeling 27:34

1. Inleiding

Vanaand in die leerdiens ondersoek ons die rol van sakramente in ons geloof. Sakramente word dan ook in ons teksgedeelte verduidelik as 'n middel wat die geloof versterk. Geloof wat natuurlik reeds gevestig is deur die aanhoor van die evangelie. Maar die spesifieke aard en natuur van geloof is vanaand vir ons belangrik. En dit bring dan vir ons by Handeling 27.

In Handeling 27 is Paulus saam met sy romeinse bewaarders op pad na die keiser. Maar hierdie reis is nie sommer net so voorspoedig nie. Daar is ook 'n groot uitdaging. Hulle is midde 'n storm op die see. En vir almal aan boord begin dit voel soos die einde wat hulle in die gesig staar. Ons gaan vanaand sien hoe hierdie mense op 'n spesiale manier aangemoedig word om steeds vas te hou aan die lewe.

Dit is juis in hierdie vashou wat ons die wonderlike eenvoud van die sakramente van die Here sien. Maar in hierdie eenvoud is die sakramente ook baie kragtig. Want dit is uiteindelik iets wat hoop bring in. En dit is 'n hoop wat maklik omhels kan word. En alhoewel die mense op die skip saam met Paulus in vanaand se teksgedeelte dalk nie formeel 'n nagmaal

geleentheid gebruik nie, is daar tog so 'n groot ooreenkoms dat ons dit eenvoudig nie kan mislyk nie.

Hierdie ooreenkoms lê in die woorde waarmee Paulus hierdie ete aankondig. Verder is daar ook die manier waarop die maaltyd begin word. Die bekende woorde wat Paulus gebruik voel vir ons na soveel meer as 'n blote tafelgebed. Hierdie woorde is natuurlik presies dieselfde woorde wat Christus gebruik wanneer Hy ook die sakrament van die Nagmaal instel.

2. Eet om te lewe.

Die sentrale gedagte in ons teksvers vanaand is Paulus se aanmoediging by die bemanningslede wat vanaand ons aandag trek. Want hierdie manne het nou al vir 'n geruime tyd nie geëet nie. Dit gaan nie daaroor dat daar nie voedsel op die skip is nie, maar dat die bemanning is al vir 14 dae lank nie gefokus op voedsel nie. Ons lees dat hulle in spanning wag sonder om iets te eet.

Wanneer 'n mens so nadink oor die saak is dit nie so verregaande nie. Hierdie mense op die skip is nie besig met 'n eetstaking nie. Nee, hulle is net iewers anders gefokus. 'n Mens dink nie daaroor om iets te eet terwyl jy veg vir oorlewing nie. Ook ons raak soms in die wêreld om ons so besig dat ons nie dink aan eet nie. Maar na 'n ruk begin

'n mens se bloedsuiker tog val. En dikwels wanneer ons begin sleg voel, onthou ons skielik dat ons nog nie geëet het vandag nie.

Want ten slot van sake is daar lewe opgesluit in eet. Wanneer 'n mens lank genoeg nie eet nie, sal jy nie net siek word nie maar ook sterf. Juis daarom vorm eet, of die gebruik van 'n maaltyd dat 'n heilige teken en seël van ons verlossing. Hierdie maaltyd ken ons as een van die twee sakramente wat in die Nuwe Testament ingestel word, naamlik die Heilige Nagmaal.

Soos ons gesê het kan dit wat op die skip gebeur in ons teksgedeelte nie werklik as nagmaal beskryf word nie. Tog is die verbintenis met die nagmaal juis die daaglikse inneem van voedsel. En wanneer vandag nog 'n tafelgebed doen voor 'n maaltyd koppel ons tog hierdie daaglikse brood aan die genade van die Here. En dit is tog wat ons ten diepste gedenk tydens die gebruik van die nagmaal.

3. Eet as 'n bewys van lewe

Uit vers 33 is dit vir ons duidelik dat die manne op die skip al vir 14 dae lank geen eetlus het nie. Maar is 'n eetlus werklik so belangrik? Maar wat beteken dit om geen eetlus te hê nie? Baie van ons was al in 'n hospitaal en weet dat die geneesheer dikwels eers vereis het dat iets pasient moet eet voor jy ontslaan kan word. Ons kan sê dat daar 'n bewys van eetlus moet gelewer word. Eetlus is dikwels iets

wat verlore gaan wanneer iemand siek is of sleg voel.

Van die ander kant gesien is 'n eetlus en die uiteindelijke nuttiging van voedsel ook iets wat van ons mense maak. Ons sien dat Jesus na Sy opstanding uit die dood ook saam met mense eet. En in hierdie nuttiging van 'n maaltyd lê 'n unieke bevestiging van die liggaamlike opstanding. Want geeste, engele of ander verskynings van afgestorwe persone eet nie. Hulle het nie nodig om te eet om 'n liggaam in stand te hou nie.

Dit openbaar aan ons die oortuiging dat om te eet, op 'n manier 'n bewys van lewe is. Ons kan veral sê dat daar iets van 'n toekomstige beplanning van lewe in eet is. Iets van ek moet vandag en more en oormore eet indien ek nog ver in die toekoms wil lewe. Ons weet almal dat hierdie dinge die basis van 'n goeie of gesonde dieet is. Ek moet vandag reg eet, omdat dit 'n effek op my gesondheid more en baie later in die toekoms gaan hê. Maar indien ek weet ek staar my dood in die gesig is eet nie so belangrik nie. Daarom dat dit 14 dae laas vir die bemanings lede belangrik was.

Dit is uiteindelik dieselfde in die geloof. Ek moet die sakrament van die nagmaal gebruik om ook my geloof vir die toekoms te versterk. Want ons beplan om nog lank as gemeenskap van gelowiges tot eer en verheerliking van die Here te leef.

4. Energie uit voedsel

Laastens gaan dit oor die voedsel self. Ons het nou van verskeie kante die saak benader, maar die groot rede waarom ons eet, is omdat daar voedingswaarde in voedsel is. Daar is energie wat ons liggaam in staat stel om te kan werk. En dit is ook presies hierdie rol wat die sakrament van die nagmaal simboliseer. Ons geloof word versterk, om staande te bly teen die aanslae van die bose wat vandag baie is. Daarom is dit belangrik dat ons die geestelike voedsel in die sakrament van die nagmaal kom in neem. Hierdie geestelike voedsel is die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus.

Maar dit is ook juis hier waar die onderskeid tussen sakrament en woordverkondiging duidelik na vore kom. 'n Mens kan 'n lyk soveel voeding gee as wat jy wil, hy sal nie lewendig word nie. En dit is die punt. Dit is net woordverkondiging wat geloof tot gevolg kan hê by mense wat vasgevang is, in die doodsgreep van die sonde. Die sakrament op sy eie kan dit nie doen nie. Geloof word gewerk deur die Heilige Gees in 'n persoon wanneer hy/sy die evangelie hoor.

Dit is dan presies om hierdie rede dat ons nie die sakrament sonder woordverkondiging kan bedien nie. Ons kan net iets versterk wat reeds lewe. Die sakrament versterk net die geloof wat alreeds geskep is deur die Heilige Gees in 'n persoon. In ons teksgedeelte is persies dieselfde aan Aand Preek

die gebeur. Die mense op skip gaan nie gered word deur die koring wat hulle eet nie. Maar die koring gaan hulle genoeg versterk sodat hulle by hulle volle positiewe hier verlossing kan ervaar.

5. Slot

Ons kan vanaand se leerdiens afsluit deur weer te kyk na die eienaardige ooreenkoms met die sakrament van die Heilige Nagmaal en Paulus se bediening en aanmoediging aan die mense om te eet. Soos ons reeds gesê het, is dit nie die sakrament van die nagmaal wat op die skip gebruik word nie. Maar die feit dat dieselfde woorde, as by instelling van die nagmaal gebruik word is opvallend.

Uiteindelik is dit juis die bewys van die genade. Of eintlik die toeganklikheid van genade en verlossing by die Here. Ons dank vandag nog die Here voor elke maaltyd, met 'n tafelgebed. Want ons weet dat dit net uit genade alleen is dat ons voedsel het om te nuttig. Daarom kom neem die Here ook hierdie alledaagse ritueel en gebruik dit om ook ons geloof te versterk. Die sakrament van die Heilige Nagmaal word ingestel deur ons Here Jesus Christus. Hy doen dit op die aand voor Hy gekruisig word. Dit is dan die tekens en seëls van presies wat gaan gebeur met die kruisiging. En die kerk gebruik dit vandag nog met hierdie oortuiging en gedagtenis.

Dit waarskuwing aan ons bly egter ook presies dieselfde as in ons teksgedeelte. Indien ons nie gereeld eet nie, sal ons kragte afneem. En uiteindelik sal ons sterf. Dit is belangrik dat ons ook elke geleentheid wat die sakrament hier in die kerk bedien word, sal aangryp. Want elke geleentheid voed ook ons geloof met die oog op die toekoms. Dit is uiteindelik waarlik 'n saak van eet ander gaan jy verlore gaan. Kom ons gryp weer opnuut vas aan hierdie genadegawes wat ons so onverdiend uit die Vaderhand ontvang.

Amen